

Maandag

Skriflesing Joh. 1: 9 – 14; 3:1 – 21; 1 Joh. 4: 1- 6. Joh.1:13 “Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man nie, maar hulle is uit God gebore.” Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is. Johannes kondig in sy evangelie Kersfees aan as die tyd van twee geboortes: die geboorte van Christus en kinders van God wat uit God gebore word. Die geboorte van Christus word in vers 1:14 só aangekondig: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” Die geboorte van God se kinders word so aangekondig: “Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van die mens of die besluit van ’n man nie, maar hulle is uit God gebore.” 1:13 Dit is Johannes se Kersaankondiging: Christus se geboorte is die skeppingsdaad wat maak dat kinders van God uit God gebore word. Die betekenis van hierdie uitdrukking is eenvoudig. Dit word duidelikheid in Joh.1: 12, 13 gestel: God gee mense die reg om kinders van God te word deurdat Hy hulle sy kinders maak, dit is verwek. Die drie uitdrukkings

- (a) "hulle is dit nie van nature nie,
- (b) nie deur die drang van die mens
- (c) of die besluit van ’n man nie",

dui eerstens op die seksuele verwekking van kinders deur 'n man en 'n vrou. Die letterlike Grieks vir “van nature”, is “nie uit bloed nie”, die “drang van die mens” beteken, “seksuele drang”, en “besluit van ’n man” beteken die wil van ’n man om kinders te verwek. Daarmee wys Johannes om kind van Gód te word, is nie dieselfde as om net deur mense verwek en gebore te word nie. Net God maak mense kinders van God. Mense kan nie ander mense kinders van God maak nie. Ook nie pa’s en ma’s nie. Pa’s en ma’s maak nie kinders van God deurdat hulle kinders verwek nie. Net God alleen maak mense kinders van God. Ds Petrus.

Dinsdag

Joh. 1:13; Joh.3. Christus self het in sy gesprek met Nikodemus openbaar wat dit beteken om “uit God gebore” te word. Christus se twee beskrywings hiervoor is: “om nuut van bo gebore te word” Joh.3:3 NAV en om “uit water en uit die Gees gebore word”. 3:5. Christus se tweede verduideliking “om deur water en Gees gebore te word” moes Nikodemus geken het. Jesus gebruik die woorde “water en Gees” uit die sinne “Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi”(Eseg.36:25) en “Ek sal my Gees in julle gee” (Eseg.36:27), as ’n samevatting vir hierdie hele verbondsbelofte van God in Eseg.36: 24 – 28: “24“Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. 25Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. 26Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. 27Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. 28Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees.” Die vervulling van hierdie onderneming deur God is net deur God alleen. Daarom die beklemtoning “Ek sal” as die enigste

wyse waarop God hierdie onderneming binne mense bewerk. “Uit God gebore” beteken “net God sal”, sonder dat die mens enige iets “sal” of “moet”. Wanneer God alleen hierdie ondernemings binne mense waarmaak, is hulle “uit God gebore”, uit God verwek, dit is die “uit water en Gees” van God se verbondsonderneming gebore. “Uit God gebore” beteken dieselfde as die “Ek sal” van God se verbondsonderneming. ds. Petrus.

Woensdag

Skriflesing Joh.3 “Hoe doen God dit?” vra Nikodemus. Hoe is dit moontlik dat net God alleen mense sy kinders maak sonder enige wil, besluit, drang of begeertes van mense? Hy was ’n Fariseër! Hulle het gedink hulle weet hoe mense kinders van God word. Volgens die Jode moes jy eers die begeerte hê om kind van God te word, dan moes jy tot bekering kom en dan gehoorsaam leef. Christus het ’n streep getrek deur elke manier waarop mense kinders van God kan of wil word, deur te verklaar dat God alleen laat hulle nuutgebore word. Die antwoord hoe God dit doen word in 1:14 opsom: deur Jesus Christus wat self God is, wat mens word. God verwek kinders deur dit wat op Kersdag gebeur het: God het mens geword in die stal van Bethlehem. Christus stel dit aan Nikodemus só: “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.” 3:16 Die Grieks vir die vertaling “enigste Seun” is “eniggebore” Seun. Dit is hoe die kerk dit in die evangelie bely: “Ek glo in Jesus Christus sy eniggebore Seun, ons Here.” Ons word uit God gebore deur ons VERENIGING met die eniggebore Seun. Hierdie vereniging met Christus is die skeppingsdaad van God waardeur Hy sy kinders verwek. Dit is hoe God dit doen! Deur die Gees sluit Hy ons in by wie Christus as mens vir ons is en laat Hy ons deel in alles wie Christus as mens vir ons in ons plek is. Hierdie insluiting in Christus is die skeppingsdaad waardeur nét God ons as sy kinders uit Hom gebore laat word. Preek as manuskrip en klankbaan beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za

Donderdag

Joh.1: 12,13. Joh. 3. Kinders vertrou hul ouers om ouers te wees omdat hulle uit hul ouers gebore is. Daarom gebeur die vreemde dat ’n ouer ’n kind kan verwaarloos, afskeep of mishandel, terwyl die kinders hulle bly vertrou. Vertroue van kinders in ouers word geskep deur ouers wat kinders verwek of aanneem. Kinders skep nie ouers deur mense as ouers te vertrou nie. Net so met God se kinders. Johannes 1:13 ““Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man nie, maar hulle is uit God gebore.”, kwalifiseer en verduidelik 1:2 “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.” Kinders van God vertrou Hom omdat hulle uit Hom gebore is. Hulle word nie uit God gebore omdat hulle in Hom glo nie. Nog minder word God uit hulle gebore omdat hulle in God glo. Daarom beteken verse 13 en 14 dat hulle aan wie God die reg gegee het om kinders van God te wees, Hom as God vertrou. Hulle geloof is nie deur die besluit van ’n mens, die drang van ’n mens en nog minder is hulle geloof sommer net uit die geaardheid van ’n mens. Hoe mense Christus as

Here vertrou, is volgens Christus soos die wind wat waai waar hy wil. Christus gee aan mense die reg om kinders van God te word sonder dat hulle weet hoe en waar, maar net soos jy die wind aan sy geluid ken, so weet jy dat jy uit God gebore is wanneer jy in Christus as Here glo. Daarom leef Christene in die verwondering dat hulle nie vir God gekies het om te glo nie, nie begeer het om in Christus te glo nie en nog minder glo net omdat hulle hul ouers glo nie, maar hulle glo omdat Góð hulle uit God gebore het. God het hulle met 'n skeppingsdaad (deur hulle met Christus te verenig) die reg gegee om sy kinders te wees. Daarom vertrou hulle Hom. ds. Petrus

Vrydag

Joh.1: 12,13. Joh. 3. Daar is 'n nuwe wêreldse broederskap wat glo dat God word uit mense gebore: geloof maak God. Hierdie wêreldse broederskap se kenmerk is respek vir alle gelowe. Hulle eis dat almal moet die insiklikheid hê om te erken dat jy maar net jou eie geestelike ervaring, geloofskonstruksie of opinie oor God het. Hierdie broederskap glo dat mense maak elkeen sy eie god en daar is nie werklik net een God wat mense werklik sy kinders maak nie! Hierdie broederskap noem die Woord van God goddeloosheid. Hierdie sogenaamde respek verloën God en verwring geloof in God. Wat doen 'n kind aan sy ouer wanneer hy glo alle kinders is tog maar op die ou einde sy pa en ma se kinders? Dit is die diepste verloëning van wie en wat 'n ouer is. Om jou pa en ma se kind te wees beteken dat jy weet jy is verwek in hulle liefde vir mekaar en tot die liefde wat net hulle vir jou sal hê, niemand anders nie. Ander kinders is nie hulle kinders nie. Respek vir alle gelowigheid ontken dat God alleen sy eie kinders verwek en dat net hulle wat Hy verwek, sy kinders is. Dit ontken dat Jesus God is, die eniggebore Seun wat mens geword het en dat die Vader sy kinders verwek deur hulle in te sluit en te verenig met wie Christus as mens vandag in die hemel is. Hierdie valse respek verwring geloof in Jesus Christus om iets totaal anders te wees as vertrou in Jesus Christus. Dit maak vertrou in Christus 'n keuse van 'n man, 'n begeerte van 'n mens of sommer net 'n gewoonte van mense. Ons vertrou Jesus Christus as Here omdat ons uit God gebore is, nie omdat God uit ons gebore is nie. Ons verwerp die broederskap van hierdie wêreld se respek vir gelowigheid as verloëning van God en ongeloof. ds. Petrus